**12 April 2026**

**Aand diens**

**Sing:** Ps. 45:1,9,10; Ps. 18:1,12; Ps. 116:8,9,10.

**Lees:** Matt 5:27-32; Son 41.

**Teks:** Matt 5:27; Son 41.

**Tema: As bruid van Christus moet ons kuis in gedagtes woorde en dade leef.**

***Die opdrag tot 'n kuise lewe.***

Die huwelik is sekerlik die oudste instelling wat daar in die wêreld bestaan. In ons tyd kom hierdie instelling meestal onder skoot as 'n uitgediende stukkie tradisie. Tog is die huwelik een van die belangrikste boustene van 'n gemeente en gemeenskap. Die Here bepaal in die sewende gebod dat sy volk kuis moet lewe binne die heilige instelling van die huwelik. Dit is in hierdie lig dat die Here sy kinders daartoe roep om alle onkuisheid te haat en daarvan weg te vlug.

***Die omvang van 'n kuise lewe.***

Wanneer Christus die sewende gebod in die Bergpredikasie behandel, wys Hy op die omvang van die sewende gebod. Aan die eenkant word daar spesifiek op die huwelik gefokus en aan die ander kant word daar op die mens se begeertes gefokus. Met die instelling van die huwelik is dit duidelik dat die huweliksband slegs deur die dood verbreek kan word. Die daad van egbreek begin egter by die begeerlike gedagtes van die mens.

***Die uitlewing van 'n kuise lewe.***

Dit is duidelik dat die sewende gebod nie net ons optrede raak nie, maar ook ons denke en lewensuitkyk. Ons moet in die eerste plek besef wat ons liggame is en wat ons te doen staan. Ons menslike liggaam is nie ons eiendom nie, maar dit is die tempel van die Heilige Gees. Dit beteken dat ons nou ons liggame heilig moet hou. Wanneer ons egter struikel en val kan ons seker wees dat die Here deur sy Gees naby aan ons is sodat ons heilig kan leef.